26th to 130th .....	Trainee tradesmen .....	33%
	Tradesmen .....	
	Artisans .....	
	Previously designated craftsmen .....	

(5) Subject to the Rules of the Fund, an employee shall not be entitled to sick pay—

- until 26 consecutive weeks' contributions have been made to the Fund in respect of such employee: Provided that contributions interrupted by a period of unemployment or a change of employer shall be deemed to be consecutive;
- for more than 130 days in any 365-day cycle, calculated from the first day in respect of which the employee is entitled to sick pay;

- (c) if he is absent from work owing to an accident compensatable under the Compensation for Occupational Injuries and Diseases Act, 1993;
  - (d) if his absence from work is related to the use of alcohol or illegal drugs, or he is incapacitated through sickness owing to his own negligence or misconduct;
  - (e) if he fails to observe the instructions of a medical practitioner, or has in the opinion of that practitioner aggravated his condition or retarded his recovery through his own actions;
  - (f) if he suffers from injury for which a third party is liable to pay or does pay compensation to him;
  - (g) while he undergoes treatment prescribed by any person other than a registered medical practitioner;
  - (h) if he fails to provide the Council with any relevant information which it may require;
  - (i) if he is found by the Council to be fit to resume his employment or to be permanently disabled, in which event he shall cease to be entitled to sick pay from a date by the Fund for this purpose; and
  - (j) at any time when the amount to the credit of the Fund drops below R100 000,00, and until such time as the amount to the credit of the Fund exceeds R500 000,00.
- (6) The Fund shall be entitled to recover any amount paid to an employee—
- (a) in consequence of false information furnished to the Fund by or on behalf of such employee; and
  - (b) if the employee fails to notify the Fund timeously of any change in his circumstances which could lead to the amount of the benefits being reviewed or withdrawn, in which event the Fund may claim from the employee any money overpaid to him.
- (7) In the case of an employee taking pregnancy leave, the Fund shall pay that employee 33% of her current wages for a maximum period of 90 days.
- (8) The Fund shall continue to pay contributions to the Holiday and Pension Funds, and the contribution prescribed in the Agreement for the Building Industry Medical Aid Fund, on behalf of the employee during the period for which he receives sick pay in terms of this clause.
- (9) In the event of the expiration of this Agreement, the dissolution or winding up of the Council or a cessation of its operations, the provisions of clause 13 (8), (9) and (10) relating to the Holiday Fund shall apply equally to this Fund.

## 16. AUDIT AND ACCOUNTING

The Council shall ensure that proper books of account and records are kept in respect of each of the Funds administered by it, and that an annual audit of each of the Funds is performed in accordance with the provisions of the Act and the Council's Constitution.

## 17. EXPENSES OF THE COUNCIL

- (1) Every employer shall deduct an amount of R0,05 per week from the wages of each eligible employee, and shall add an equal amount to the amount so deducted.
- (2) Every employer shall pay the contributions deducted in terms of subclause (1) to the Council on the employee's normal pay day, and shall on that day cancel and issue to the employee the prescribed stamp to the value of the contribution paid to the Council. An employer who utilises the auto stamp system shall pay the contribution to the Council within the period determined by the Council for that purpose.
- (3) The contribution paid to the Council in terms of this clause shall be utilised for the purpose of meeting its general expenses, and shall be administered in accordance with the provisions of the Council's Constitution.

## 18. TRADE UNION SUBSCRIPTIONS

Trade unions may opt for either one of the following mechanisms. In each case deductions of trade unions subscriptions may only be authorised by the affected employee in writing:

- (a) (i) Each trade union shall be entitled to approach each employer in the Industry direct for the purpose of establishing stop-order facilities for the deduction of trade union subscriptions.
- (ii) Every employer who grants such facilities shall be entitled to deduct an administration fee of 2,5% of the subscriptions so collected.

OR

- (b) (i) Every employer shall deduct an amount equal to 1% of the weekly wage of an employee who is a member of a registered trade union and for whom wages are prescribed in clause 9 of this Agreement.



(ii) An employer shall, in respect of the amounts deducted by him in terms of paragraph (b) (i), issue on each pay day to each of the employees concerned, one stamp, obtained from the Council, which stamp shall be legibly cancelled by him with his name and the date of issue.

(iii) Each month the Council shall pay over to the trade unions all moneys collected in respect of stamps purchased by the employers in terms of paragraph (b) (ii), less a collection fee of 2,5% on gross sales, which amount shall accrue to the general funds of the Council.

#### 19. SPECIAL MEMBERSHIP LEVY: EMPLOYERS

(1) Each member of an employers' organisation shall pay a membership levy to that employers' organisation in respect of each employee employed by such member who receives a benefit stamp in terms of this Agreement.

(2) An employers' organisation shall be entitled to use the facilities of the Council for the collection of such levies, in which case the Council shall be entitled to an administration fee of 2,5% of the subscriptions so collected.

#### 20. BUILDING INDUSTRY TRAINING FUND

(1) Every employer shall pay to the Council the contribution prescribed by the Building Industry Training Fund from time to time.

(2) The Council shall be entitled to deduct a 2,5% collection fee from the amounts received in terms of this clause, and shall pay the remainder to the Building Industries Training Scheme.

#### 21. WESTERN PROVINCE BUILDING AND ALLIED TRADES' SICK FUND

Trade Unions may opt for either one of the following mechanisms. In each case deductions of Sick Fund contributions may only be authorised by the affected employee in writing—

(a) (i) Each trade union shall be entitled to approach each employer in the Industry direct for the purposes of establishing stop-order facilities for the deduction of trade union sick fund subscriptions in respect of its consenting members.

(ii) Every employer who grants such facilities shall be entitled to deduct an administration fee of 2,5% of the subscription so collected.

OR

(b) (i) Every employer shall deduct an amount equal to 0,4% of the weekly wage of an employee who is a member of a registered trade union and for whom wages are prescribed in clause 9 of the Agreement.

(ii) An employer shall, in respect of the amounts deducted by him in terms of paragraph (b) (i), issue on each pay day to each of the employees concerned one stamp obtained from the Council, which stamp shall be legibly cancelled by him with his name and the date of issue.

(iii) Each month the Council shall pay over to the Western Province Building and Allied Trades' Sick Fund all moneys collected in respect of stamps purchased by the employers in terms of paragraph (b) (ii) less a collection fee of 2,5% on gross sales, which amount shall accrue to the general funds of the Council.

#### 22. GENERAL

(1) **Exhibition of agreement:** (a) The parties agree that the English version of this Agreement shall determine the meaning and the intention of the parties and that translations in Afrikaans and Xhosa shall be made available by the Council for inspection by any person during working hours at the offices of the Council.

(b) Any person may acquire a copy of this Agreement by paying to the Council the sum of R5,00.

(c) Each party to this Agreement shall receive two free copies of the Agreement and Constitution.

(2) **Value added tax:** All monetary values quoted in this Agreement are exclusive of value added tax.

(3) **Shelter and ablution facilities:** (a) At any site where building operations are being carried out employers shall provide suitable accommodation—

(i) to serve as shelter for employees during wet weather; and/or

(ii) to serve as a change room: Provided that the provisions of this subclause shall not apply to jobbing work and on sites where fewer than ten employees are employed or where the circumstances peculiar to the site or the nature of the work in progress do not permit of accommodation for a change room.

(b) Such accommodation shall be any lockable shed, room or similar place constructed of walls and a roof composed of concrete, brickwork, wood, iron or any combination thereof or any other material approved by the Council and the whole to be so constructed as to provide a place for employees to change their clothes, to wash and to take shelter.

(c) Such accommodation shall include clothes lockers or similar lock-up facilities in which employees can safely store changes of clothing and other personal possessions while at work.

(d) An employer shall provide proper and adequate sanitary accommodation on each job, which shall at all times be maintained in a hygienic and proper condition, and shall further conform to the legislation of the local authority in whose area the job is situated.

(4) **Trade union access:** Officials of trade union parties shall in the ordinary course of their duties have access to building sites and workshops during working hours, but shall not be allowed to interfere with the continued performance of work by any employee, or approach any employee without the prior consent of the employer or his duly authorised representative, which consent shall not unreasonably be withheld.

### 23. EXEMPTIONS

(1) In terms of section 32 of the Labour Relations Act, No. 66 of 1995, the Council hereby establishes an Independent Body to consider applications for exemption from non-parties from any of the provisions of this Agreement for any good and sufficient reason.

(2) All applications for exemption shall be in writing (on an application form as provided by the Council) and shall be addressed to the Secretary of the Council for consideration by the Independent Body appointed by the Council.

(3) All applications for exemption shall be substantiated, and such substantiation shall include the following details:

- (a) The period for which the exemption is required;
- (b) the Agreement and clauses or subclauses of the Agreement from which exemption is required;
- (c) proof that the exemption applied for has been discussed by the employer, his employees and their respective representatives. The responses resulting from such consultation, either in support of or against the application, are to be included with the application.

(4) The Secretary of the Council shall in the first instance place the applications for exemption on the agenda of the next Council meeting, for comment.

(5) The Secretary of the Council shall provide the Independent Body with details of all the applications for exemption.

(6) The Independent Body shall consider and decide on all written applications and, when requested by the applicants or objectors to do so, may interview applicants or any objectors at its following meeting: Provided that the Independent Body may defer a decision to a following meeting if additional substantiation, information or verbal representations are considered necessary to decide on the application for exemption.

(7) Once the Independent Body has decided to grant an exemption, it shall issue a certificate and advise the applicant(s) within 14 days of the date of its decision.

(8) When the Independent Body decides against granting an exemption or part of an exemption requested, it shall advise the applicant(s) within 14 days of the date of such decision and shall provide the reason or reasons for not granting an exemption.

(9) **Exemption criteria:** The Independent Body shall consider all applications for exemption with reference to the following criteria:

- (a) The written and verbal substantiation provided by the applicant;
- (b) the extent of consultation with and the petition for or against granting the exemption as provided by employers or employees who are to be affected by the exemption if granted;
- (c) the terms of the exemption;
- (d) the infringement of basic conditions of employment rights;
- (e) the fact that a competitive advantage is not created by the exemption;
- (f) the viewing of the exemption from any employee benefit fund or training provision in relation to the alternative comparable bona fide benefit or provision, including the cost to the employee, transferability, administration management and cost, growth and stability;
- (g) the extent to which the proposed exemption undermines collective bargaining and labour peace in the building industry;

- (h) any existing special economic or other circumstances which warrant the granting of the exemption;
- (i) reporting requirements by the applicant and monitoring and re-evaluation processes; and
- (j) cognisance of the recommendations contained in the Report of the Presidential Commission to Investigate Labour Market Policy.

#### 24. MEDICAL AID FUND

(1) The Building Industry Medical Aid Fund ("the Fund") is hereby continued and shall continue to be administered by the Council in terms of section 2 (1) (a) of the Medical Schemes Act, 1967, and in terms of the Act for the purposes of—

- (a) assisting members in regard to the cost of medical services incurred by them or their dependants, as may be provided in the rules of the Fund;
- (b) taking such measures the Council deems necessary for the prevention of sickness and for the improvement and promotion of health amongst members and their dependants;
- (c) contracting with any medical practitioner, hospital, nursing home, convalescent home or other similar institution, person or authority in respect of medical services; and
- (d) meeting the cost of such arrangements and the medical expenses of members or their dependants as provided in the rules of the Fund.

(2) The Fund shall be managed by the Council in accordance with the rules which it may make from time to time for this purpose ("the Rules"), and all moneys of the Fund shall be administered, invested and paid out in accordance with the Rules, of which copies shall be available for inspection at the offices of the Council. The Council shall appoint auditors to audit the books of account of the Fund annually.

(3) An employee who is eligible in terms of the Rules to become a member of the Fund shall contribute half of the total contribution and his employer shall contribute the remaining half of the contribution for each week that the employee remains in his employ, which contribution shall be as follows:

	Amount per week	
	Member Employee	Employer
	R	R
Artisan .....	22,22	22,22
Previously designated craftsman .....	22,22	22,22

(4) Every employer shall deduct a contribution from the remuneration of each eligible employee in respect of each contribution week and the employer shall add to it an equal amount.

(5) Every employer shall pay the above contributions to the Council on the employee's normal pay day, and shall on that day cancel and issue to the employee the prescribed benefits stamp, to the value of the contribution. An employer who utilises the auto stamp system shall pay the contribution to the Council within the period determined by the Council for such purpose.

(6) In the event of the expiration of this Agreement, the dissolution or winding up of the Council or a cessation of its operations, the provisions of clause 13 (8), (9) and (10) relating to the Holiday Fund shall apply equally to this Fund.

#### 25. RESOLUTION OF DISPUTES

Any dispute about the interpretation or application of this Agreement shall be referred to the Council and shall be resolved as follows:

- (a) If a dispute is one of right, it shall be referred in writing to the Council, which shall attempt to resolve the dispute through mediation using a suitably qualified mediator. Within seven days of such referral, the Council shall convey its decision to the disputants, or state that the dispute remains unresolved.
- (b) If the Council fails to resolve the dispute or if any party is aggrieved by the Council's decision referred to in paragraph (a), it may within 7 days of the decision request that the dispute be referred to arbitration.

- (c) Should the dispute be referred to arbitration, the Council shall refer the matter to an accredited agency appointed by it in terms of section 52 of the Act, for the purpose of such arbitration. The arbitrator shall have the power to decide upon the procedure to be followed at the arbitration hearing, and shall, in its discretion, be entitled to make an award in respect of the parties' arbitration costs, in terms of section 138 (10) of the Act. The arbitrator's decision shall be final and binding.

Signed at Cape Town this 3rd day of February 1997.

**M. E. LOY**

for the Master Builders' and Allied Trades' Association, Cape Peninsula

**W. C. CLIFT**

for the Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa)

**T. MULONDO**

for the Construction and Allied Workers' Union

**R. C. DAMON**

for the Building Workers' Union

**N. MAART**

for the South African Woodworkers' Union

**T. HAKIME**

for the South African Operative Masons' Society

[being the parties to the BUILDING BARGAINING COUNCIL (CAPE OF GOOD HOPE)], in the presence of

**J. J. KITSHOFF**

Secretary

**No. R. 1019**

**1 Augustus 1997**

**WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1995**

**BOUNYWERHEID BEDINGINGSRAAD (KAAP DIE GOEIE HOOP): UITBREIDING VAN KOLLEKTIEWE OOREENKOMS VIR DIE KAAPSE SKIEREILAND NA NIE-PARTYE**

Ek, Tito Titus Mboweni, Minister van Arbeid, verklaar hierby kragtens artikel 32 (2) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, die kollektiewe ooreenkoms wat in die Bylae hiervan verskyn, en wat in die Bounywerheid Bedingingsraad aangegaan is en kragtens artikel 31 van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, bindend is op die partye wat die Ooreenkoms aangegaan het, bindend vir die ander werkgewers en werknemers in daardie Nywerheid, met ingang van 11 Augustus 1997 en vir die tydperk wat op 10 Augustus 1999 eindig.

**T. T. MBOWENI**

Minister van Arbeid

**INHOUDSOPGAWE**

1. TOEPASSINGSBESTEK
2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS
3. NYWERHEIDSOPTREDE
4. WOORDOMSKRYWING
5. VLAKKE VAN BEDINGING
6. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS
7. REGISTRASIE VAN WERKNEMERS

Kwekeling bouwerker

Bouwerker

Ambagsman

Voormalige aangewesevakman



**8. DIENSVOORWAARDES**

Gewone werkure  
 Ruspouses  
 Skofwerk  
 Oortyd  
 Openbare vakansiedae  
 Jaarlikse verlof  
 Siekteverlof  
 Beëindiging van dienskontrak  
 Tydelike afdanking en skorsing  
 Personeelvermindering

**9. BESOLDIGING**

Basiese lone  
 Oortyd  
 Openbare vakansiedae  
 Skofwerk  
 Gevaarlike werk  
 Toelaes

**10. LOONBETALINGSPROSEDURE**

Betaling van lone  
 Aftrekkings van lone

**11. BERGING EN VOORSIENING VAN GEREEDSKAP****12. VOORDELESEËLS****13. VAKANSIEFONDS****14. PENSIOENFONDS****15. SIEKEFONDS****16. OUDITERING EN BOEKHOUDING****17. UITGAWES VAN DIE RAAD****18. VAKBONDLEDEGELD****19. SPESIALE LIDMAATSKAPHEFFING: WERKGEWERS****20. OPLEIDINGSFONDS VIR DIE BOUNYWERHEID****21. SIEKEFONDS VIR DIE WESTELIKE PROVINSIE BOU- EN VERWANTE AMBAGTE****22. ALGEMEEN**

Vertoning van Ooreenkoms  
 Belasting op toegevoegde waarde  
 Skuiling en ablusiefasiliteite  
 Vakbondtoegang

**23. VRYSTELLINGS****24. MEDIESE BYSTANDFONDS****25. GESKILBESLEGTING****INDEKS**

Aftrekkings

Ambagsman

Beëindiging van dienskontrak

Belasting op Toegevoegde Waarde

Besoldiging

BIFSA

BOF

Bouwerker  
Belasting op toegevoegde waarde (BTW)  
Diensvoorwaardes  
Geldigheidsduur van Ooreenkoms  
Gereedskap  
Geskillle  
Gevaarlike werk  
Jaarlikse verlof  
Kennisgewingtydperk  
Kwekeling Bouwerker  
Ledegeld  
Lone  
Loonbetalingsprosedure  
Nywerheidsoptrede  
Oortyd  
Openbare vakansiedae  
Opleidingsfonds vir die Bounywerheid  
Ouditering en boekhouding  
Pensioen  
Personeelvermindering  
Registrasie  
    Werknemers  
    Werkgewers  
Ruspouses  
Seëls  
Siekefonds  
Siekefonds vir die Westelike Provinsie Bou- en Verwante Ambagte  
Siekteverlof  
Skofwerk  
Skuling en Ablusiefasiliteite  
Spesiale Lidmaatskapheffing: Werkgewers  
Staking of Uitsluiting  
Toegang tot boupersele  
Toelaes  
Toepassingsbestek  
Tydelike Aflegging  
Uitgawes van die Raad  
Vakansiefonds  
Vakbondledegeld  
Vakbondregte  
Vakbondtoegang  
Vertoning van Ooreenkoms



Vlakke van Bedinging

Voorheenaangewesevakman

Vorige ooreenkomste

Vrystellings

Wag

Werkgewersheffing

Werkure

Woordomskrywing

Wet

vakleerling

ambagsman

bounywerheid

skoonmaker

raad

drywer

vastetermynkontrakte

algemene werker

nywerheidsoptrede

winkelskrynwermonteerder

masjienbediener

vervaardigingswerker

kragaangedrewe- masjineriebediener

kwekelingbouwerker

bouwerker

loon

wag

## BYLAE

### BEDINGINGSRAAD VIR DIE BOUNYWERHEID (KAAP DIE GOEIE HOOP)

#### OOREENKOMS

ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge, Wet No. 66 van 1995, gesluit deur en aangegaan tussen die

**Master Builders' and Allied Trades' Association, Cape Peninsula**

**Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa)**

(hierna die "werkgewers" of die "werkgewersorganisasies" genoem) aan die een kant, en die

**Construction and Allied Workers' Union**

**Building Workers' Union**

**South African Woodworkers' Union**

**South African Operative Masons' Society**

(hierna die "werknemers" of die "vakbonde" genoem), aan die ander kant,

wat die partye is by die Bedingingsraad vir die Bounywerheid (Kaap die Goeie Hoop).

**1. TOEPASSINGSBESTEK**

- (1) Hierdie Ooreenkoms moet in die Bou- en die Monumentklipmesselnywerhede nagekom word—
  - (a) deur alle werkgewers wat lede van die werkgewersorganisasies is en deur alle werknemers wat lede van die vakbonde is;
  - (b) in die landdrostdistrikte Die Kaap, Wynberg [met inbegrip van die gedeelte van die landdrostdistrik Somerset-Wes wat voor 9 Maart 1973 (Goewermentskennisgewing No. R. 173 van 9 Februarie 1973) binne die landdrostdistrik Wynberg geval het], Simonstad, Goodwood en Bellville, in die gedeeltes van die landdrostdistrikte Malmesbury en Stellenbosch wat voor die publikasie van onderskeidelik Goewermentskennisgewings Nos. R. 171 van 8 Februarie 1957 en R. 283 van 2 Maart 1962 binne die landdrostdistrik Bellville geval het en in die gedeelte van die landdrostdistrik Kuilsrivier wat voor die publikasie van Goewermentskennisgewing No. R. 661 van 19 April 1974 binne die landdrostdistrik Stellenbosch geval het maar wat voor 2 Maart 1962 (Goewermentskennisgewing R. 283 van 2 Maart 1962) binne die landdrostdistrik Bellville geval het.
- (2) Ondanks subklousule (1) is hierdie Ooreenkoms van toepassing op—
  - (a) vakleerlinge slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is met die Wet op Mannekragopleiding, 1981, of met 'n kontrak wat daarkragtens aangegaan of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is nie;
  - (b) kwekelinge wat opgelei word ooreenkomstig die Wet op Mannekragopleiding, 1981, slegs vir sover dit nie onbestaanbaar is met daardie Wet of met voorwaardes wat daarkragtens gestel is nie.
- (3) Ondanks subklousule (1) (a) is die bepalings van hierdie Ooreenkoms nie van toepassing nie op—
  - (a) klerke en administratiewe personeel;
  - (b) universiteitstudente en gegradueerdes in die bouwetenskap, en op konstruksietoeseighouers, konstruksieopmeters en ander persone wat besig is met praktiese werk ter voltooiing van hulle akademiese opleiding;
  - (c) tydelike werknemers soos omskryf deur die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983;
  - (d) nie-partye ten opsigte van 1 (1) (a), 2 en 19, van hierdie Ooreenkoms.

**2. GELDIGHEIDSDUUR VAN OOREENKOMS**

Hierdie Ooreenkoms tree in werking op die datum wat die Minister van Arbeid vasstel as die effektiewe datum waarop die Ooreenkoms vir nie-partye bindend word, of die datum waarop die Minister van Arbeid weier om die Ooreenkoms tot nie-partye uit te brei en die Ooreenkoms moet twee jaar na sodanige datum bindend bly.

**3. NYWERHEIDSOPTREDE**

Geen persoon wat gebind is deur hierdie kollektiewe Ooreenkoms wat die partye aangegaan het, mag vir die duur van die Ooreenkoms betrokke raak by of deelneem aan 'n staking of uitsluiting nie, of in enige optrede ter bevordering van 'n staking of uitsluiting ten opsigte van enige aangeleentheid wat by hierdie Ooreenkoms gereël word.

**4. WOORDOMSKRYWING**

Alle uitdrukkings in hierdie Ooreenkoms gebesig en wat in die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995, omskryf word, het dieselfde betekenis as in daardie Wet, en waar daar van 'n Wet melding gemaak word, word ook alle wysigings van sodanige Wet bedoel; voorts, tensy onbestaanbaar met die sinsverband, beteken—

“**Wet**” die Wet op Arbeidsverhouding, 1995;

“**vakleerling**” 'n werknemer wat diens doen ingevolge 'n skriftelike leerkontrak wat ingevolge die Wet op Mannekragopleiding, 1981, geregistreer is;

“**ambagsman**” iemand wat as sodanig geregistreer is ingevolge klousule 7 (6) van hierdie Ooreenkoms;

“**Bounywerheid**” of “**Nywerheid**” die nywerheid soos omskryf en uiteengesit op die Registrasiesertifikaat uitgereik aan die Raad ingevolge artikel 29 van die Wet;

“**skoonmaker**” 'n werknemer besig met algemene skoonmaakaktiwiteite wat gewoonweg en volgens gebruik in die Bounywerheid gedoen word;

“**Raad**” die Bedingingsraad vir die Bounywerheid (Kaap die Goeie Hoop), geregistreer ingevolge artikel 29 van die Wet;

“**drywer**” 'n werknemer wat 'n motorvoertuig dryf, en vir die toepassing van hierdie omskrywing sluit “'n motorvoertuig dryf” alle tydperke in wat daar gedryf word en alle tyd wat 'n drywer aan werk in verband met die voertuig of die vrag bestee en alle tydperke wat daar van hom vereis word om op sy pos te bly, gereed om te dryf; voorts, vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms, word 'n drywer ingedeel in een van die volgende kategorieë:

- (a) Drywers van voertuie waarvoor daar vereis word dat die drywer in besit van 'n Kode 10-lisensie of hoër moet wees;
- (b) drywers van voertuie waarvoor daar vereis word dat die drywer in besit van 'n Kode 9-lisensie moet wees;
- (c) drywers van voertuie waarvoor daar vereis word dat die drywer in besit van 'n Kode 8- of laer lisensie moet wees.

**“vastetermynkontrakte”** 'n kontrak wat eindig op 'n bepaalde datum in die kontrak gestipuleer;

**“Vorige Ooreenkoms”** die Ooreenkoms gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. R. 1994 op 22 Oktober 1993, soos gewysig, uitgebrei, hernu of herbekragtig;

**“algemene werker”** 'n werknemer wat nie as 'n skoonmaker, drywer/kragaangedrewe-masjienbediener, kwekelingbouwerker, bouwerker, ambagsman, vakleerling of wag ingevolge hierdie Ooreenkoms geregistreer is nie;

**“nywerheidsoptrede”** enige optrede beoog ingevolge die omskrywing van “staking” of “uitsluiting” in die Wet;

**“winkelskrynwermonteerder”** 'n werknemer wat geregistreer is as 'n bouwerker, Klas 3, ingevolge klousule 7 (5) van hierdie Ooreenkoms;

**“masjienbediener”** 'n werknemer wat geregistreer is as 'n bouwerker, Klas 2, ingevolge klousule 7 (5) van hierdie Ooreenkoms;

**“vervaardigingswerker”** 'n werknemer wat geregistreer is as 'n bouwerker, Klas 4, ingevolge klousule 7 (5) van hierdie Ooreenkoms;

**“kragaangedrewe-masjienbediener”** 'n persoon wat kragaangedrewe masjinerie bedien, en vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms word 'n kragaangedrewe-masjienbediener geklassifiseer in een van die volgende kategorieë:

- (a) Bedieners van masjinerie wat van die bediener vereis dat hy in besit moet wees van 'n Kode 10-lisensie of hoër;
- (b) bedieners van masjinerie wat van die bediener vereis dat hy in besit moet wees van 'n Kode 9-lisensie;
- (c) bedieners van masjinerie wat van die bediener vereis dat hy in besit moet wees van 'n Kode 8-lisensie;

**“kwekelingbouwerker”** 'n werknemer as sodanig geregistreer ingevolge klousule 7 (4) van hierdie Ooreenkoms;

**“bouwerker”** 'n werknemer wat as sodanig geregistreer is ingevolge klousule 7 (5) van hierdie Ooreenkoms;

**“loon”** die basiese loon voorgeskryf ingevolge klousule 9 (1) van hierdie Ooreenkoms ten opsigte van gewone ure gewerk ingevolge klousule 8 (1): Met dien verstande dat as 'n werkgewer op 'n gereelde basis 'n werknemer 'n bedrag hoër as die basiese loon betaal ten opsigte van gewone ure gewerk, word so 'n hoër bedrag bedoel;

**“wag”** 'n werknemer wat persele patrolleer en eiendom bewaak.

## 5. VLAKKE VAN BEDINGING

Die Raad is die forum waar daar oor alle aangeleenthede aangaande hierdie Ooreenkoms beding moet word.

## 6. REGISTRASIE VAN WERKGEWERS

(1) Elke werkgewer in die Nywerheid op wie hierdie Ooreenkoms van toepassing is, moet verseker dat hy te alle tye by die Raad geregistreer is.

(2) 'n Werkgewer moet by die Raad registreer deur die nodige inligting op 'n voorgeskrewe vorm aan die Raad te verskaf.

(3) Elke werkgewer moet die Raad skriftelik in kennis stel van enige verandering in die besonderhede verskaf ten tye van registrasie of wanneer hy werk in die Nywerheid staak, en wel binne veertien (14) dae na sodanige verandering of staking in werk.

(4) 'n Registrasiesertifikaat onderteken deur óf die Voorsitter óf die Sekretaris van die Raad, moet aan elke geregistreerde werkgewer uitgereik word.

(5) Elke werkgewer wat nie op die keurdatum voorgeskryf in die Ooreenkoms aan die Raad die nodige heffings en bydraes, betaalbaar deur hom en sy werknemer elke week betaal nie, moet rente teen die primakoers deur die Raad se bank vasgestel, aan die Raad betaal vanaf die betrokke datum tot die datum van betaling.

(6) 'n Werkgewer moet die nodige werknemerrekords hou, soos voorgeskryf in die Wet op Basiese Diensvoorwaardes, 1983.

## 7. REGISTRASIE VAN WERKNEMERS

(1) Geen persoon mag in die Bounywerheid in diens geneem word tensy hy op die voorgeskrewe wyse deur die Raad geregistreer is nie.

(2) Die Raad moet aan elke geregistreerde werknemer 'n identiteitskaart van die Bedingsraad uitreik en die werknemer moet sodanige kaart ten alle tye, terwyl hy in die Bounywerheid werk, hou.

(3) Die Raad moet die aanvanklike koste van die identiteitskaart betaal, maar die werknemer is verantwoordelik vir die koste van die vervanging van enige verlore identiteitskaart.

(4) **Kwekelingbouwerker:** (a) 'n Geregistreerde werkgewer kan enige persoon in diens neem as 'n kwekelingbouwerker nadat sodanige persoon deur die Raad geregistreer is.

(b) By ontvangs van die aansoekvorm, moet die Raad die kwekeling as 'n kwekelingbouwerker Klas 4 registreer. Die kwekeling word dan toegelaat om geskoolde werk te doen slegs ten opsigte van daardie fasette van geskoolde werk waarvoor hy geregistreer is.

(c) 'n Proefkwekeling is daarop geregtig om opleiding te ondergaan onder die beskerming van die Bounywerheidsopleidingsraad, of enige ander goedgekeurde opleidingsinrigting, en sy werkgewer.

(d) Na geslaagde voltooiing van elke vlak van enige opleidingskursus moet die Raad die kwekeling herregistreer op die gepaste vlak, soos voorgeskryf deur die Bounywerheidsopleidingsraad.

(e) Die proefkwekeling is geregtig op die betaling van lone ooreenkomstig die lone voorgeskryf vir sy kategorie ingevolge klousule 9 van hierdie Ooreenkoms.

(5) **Bouwerker:** (a) 'n Kwekelingbouwerker in 'n bepaalde kategorie word geregistreer as 'n bouwerker in daardie kategorie onder die volgende omstandighede:

- (i) Ten opsigte van Klas 4, waar hy nie daarin geslaag het om 55% van die modules van die voorgeskrewe kursusinhoud binne twee jaar van registrasie as 'n kwekelingbouwerker in daardie klas, te voltooi nie;
- (ii) ten opsigte van Klas 3, waar hy nie daarin geslaag het om 75% van die modules van die voorgeskrewe kursusinhoud binne twee jaar van registrasie as 'n kwekeling in daardie klas, te voltooi nie;
- (iii) ten opsigte van Klas 2, waar hy nie daarin geslaag het om al die modules van die voorgeskrewe kursusinhoud binne twee jaar van registrasie as 'n kwekeling in daardie klas, te voltooi nie.

(b) Werkgewers en vakbonde moet probeer verseker dat kwekelingbouwerkers hulle opleiding binne die bepaalde tydperk voltooi.

(c) Behoudens die bepalings van paragraaf (d) moet 'n persoon wat buite die bestekgebied van die Raad in diens was as 'n geskoolde werker, uitgesonderd 'n ambagsman gekwalifiseer ingevolge subklousule 6, 'n bevoegdheidstoets, soos voorgeskryf deur die Bounywerheidsopleidingsraad, ondergaan, en moet as 'n bouwerker in 'n besondere kategorie geregistreer word, wat soos volg bepaal word:

Bevoegdheid	Klas
(i) Onder 55 persent .....	4
(ii) 55 tot 74 persent .....	3
(iii) 75 tot 99 persent .....	2
(iv) 100 persent.....	Ambagsman

(d) 'n Werknemer word nie as 'n bouwerker geregistreer nie, tensy hy die vakoets voorgeskryf deur die Bounywerheidsopleidingsraad geslaag het.

(e) Die Raad moet 'n bouwerker registreer, en die bouwerker is daarop geregtig om daardie fasette van geskoolde werk te verrig wat val binne die modules waarvoor hy 'n bevoegdheidsvlak geslaag het binne die vakkategorie ten opsigte waarvan hy geregistreer is.

(f) Die bouwerker is geregtig op die betaling van lone ooreenkomstig die loon voorgeskryf vir sy kategorie by klousule 9 van hierdie Ooreenkoms.

(6) **Ambagsman:** (a) Geen persoon word as 'n ambagsman geregistreer nie, tensy hy 'n vakoets, soos deur die Bounywerheidsopleidingsraad bepaal, voltooi het nie, of in diens is in 'n nie-aangewese ambag, soos van tyd tot tyd deur die Raad voorgeskryf.



- (b) Behoudens die bepalings van paragraaf (a) word die volgende persone as ambagsmanne geregistreer:
- (i) 'n Kwekelingbouwerker, Klas 2, of 'n geskoolde werker in diens in die Bounywerheid, wat 100% van die modules voltooi het of 'n bevoegdheidstoets, soos voorgeskryf deur die Bounywerheidsopleidingsraad, vir hierdie doel geslaag het; en
  - (ii) 'n werknemer wat 'n vakleerlingskapkontrak suksesvol voltooi het en wat verder die voorgeskrewe vaktoets geslaag het.
- (c) 'n Ambagsman is geregtig op die betaling van lone ooreenkomstig die voorgeskrewe loon vir sy kategorie ingevolge klousule 9 van hierdie Ooreenkoms.
- (7) **Voorheen aangewese vakman:** (a) Enige persoon wat voorheen in besit was van 'n registrasiesertifikaat as 'n vakman onder 'n vorige Ooreenkoms van die Raad, sal geag te wees 'n voorheen aangewese vakman onder hierdie Ooreenkoms.
- (b) Die Raad registreer nie meer vakmanne nie.
- (c) Die voorheen aangewese vakman en sy werkgever mag skriftelik ooreenkom dat die voorheen-aangewese vakman die lone en voordele seël van 'n Ambagsman sal ontvang.
- (d) 'n Voorheen aangewese vakman is geregtig op die betaling van lone ooreenkomstig die voorgeskrewe loon vir sy kategorie ingevolge klousule 9 van hierdie Ooreenkoms.

## 8. DIENSVORWAARDES

- (1) **Gewone ure van werk:** (a) Gewoonweg sal daar van geen werknemer verwag word om meer as die volgende ure te werk nie:

Kategorie	Daaglikse ure	Weeklikse ure
(i) Wag.....	10 uur	60 uur
(ii) Drywer .....	8 uur 45 minute	44 uur
(iii) Algemene werker en skoonmaker.....	8 uur 30 minute	42 uur 30 minute
(iv) Alle ander werknemers.....	8 uur	40 uur

- (b) Met die uitsondering van wagte word gewone ure daaglikse gewerk tussen 07:00 en 19:00 Maandae tot Vrydae. Wagate mag nie op meer as ses opeenvolgende dae in 'n week werk nie.

- (2) **Ruspouses:** (a) Elke werknemer is geregtig op daaglikse ete- en/of ruspouses wat in totaal nie meer as 60 minute is nie, wat dan ook nie deel van sy gewone werkure uitmaak nie, en wat geneem word op tye soos ooreengekom met sy werkgever.

- (b) Geen werkgever kan van 'n werknemer vereis om meer as vyf aaneenlopende ure sonder 'n ruspouse te werk nie.

- (3) **Skofwerk:** 'n Werkgever kan van sy werknemers vereis dat hulle skofte werk, op voorwaarde dat dit nie van enige werknemer vereis word om meer as 8-uur of 12-uur skofte te werk tydens enige tydperk van 24 uur nie.

- (4) **Oortyd:** (a) Alle ure wat die gewone werksure in enige week oorskry word geag oortyd te wees.

- (b) Enige werkgever kan versoek, welke versoek nie onredelik van die hand gewys mag word nie, dat 'n werknemer oortyd werk vir 'n tydperk van meer as vier uur daaglikse, Maandae tot Vrydae, en hoogstens agt uur op Saterdag of Sondag.

- (c) 'n Werknemer betrokke in 'n voortdurende proses van werk, is verplig om te werk totdat daardie proses voltooi is, en ontvang oortydbetaling, waar van toepassing.

- (5) **Openbare vakansiedae:** (a) Die openbare vakansiedae, soos geproklameer ingevolge die Wet op Openbare Vakansiedae, 1994, word erken as betaalde openbare vakansiedae.

- (b) Werknemers wat op sulke openbare vakansie dae werk, is geregtig op lone, soos voorgeskryf in klousule 9 (3), bo en behalwe die betaling vir die openbare vakansiedae: Met dien verstande dat vir openbare vakansiedae 16 Desember, 25 Desember, 26 Desember en 1 Januarie, hulle betaling ontvang deur middel van die voordele seëls.

- (6) **Jaarlikse verlof:** (a) Elke werknemer is geregtig op jaarlikse verlof tydens die jaarlikse sluitingstydperk van die Bounywerheid, waarvan die datums deur die Raad bepaal moet word teen nie later nie as 30 Junie van elke jaar.

- (b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a), kan 'n werknemer met sy werkgever ooreenkom om tydens die jaarlikse verloftydperk te werk en moet daarvoor betaling ontvang, soos bepaal in klousule 9 (1) vir die tyd tydens daardie tydperk gewerk.

(c) Wagte en ander werknemers, wat tydens die jaarlikse verloftydperk werk, moet verlof toegestaan word, soos met hulle werkgewers ooreengekom, gelyk aan die tydperk gewerk tydens die jaarlikse sluitingstydperk.

(7) **Siekteverlof:** 'n Werknemer is geregtig op siekteverlof ooreenkomstig die bepalings van die Siekefonds vir die Bounywerheid, en klousule 15 van hierdie Ooreenkoms, en op betaling vir die tydperk van sodanige siekteverlof ingevolge die bepalings daarvan.

(8) **Beëindiging van dienskontrak:** (a) 'n Werkgewer of werknemer wat van voorneme is om 'n dienskontrak te beëindig, moet die ander party vyf werksdae skriftelik kennis gee van beëindiging van sodanige kontrak, welke kennis ingedien moet word voor 12:00 op enige werksdag, en vanaf 08:00 op die volgende werksdag in werking moet tree.

(b) Ondanks die bepalings van paragraaf (a) is enige party daarop geregtig om die dienskontrak sonder kennisgewing te beëindig deur betaling van 'n bedrag in plaas van die voorgeskrewe kennisgewingstydperk.

(c) In die geval waar 'n werknemer dros, of nie die voorgeskrewe betaling, in plaas van die kennisgewingstydperk maak nie, en waar die werkgewer dit kan bewys, is die werkgewer daarop geregtig om die toepaslike kennisgewingstydperkbetaling te verhaal uit enige gelde aan die werknemer verskuldig ingevolge die Vakansiefonds.

(d) Niks in hierdie klousule tas die reg van 'n werkgewer of werknemer om die dienskontrak om 'n regs-geldige rede sonder kennisgewing, te beëindig nie.

(e) 'n Dienskontrak word outomaties beëindig as 'n werknemer sonder die werkgewer se toestemming vir meer as vyf aaneenlopende kalenderdae afwesig is, tensy die werknemer afwesig is as gevolg van omstandighede buite sy beheer.

(9) **Tydlike ontslag en skorsing:** (a) 'n Werkgewer is daarop geregtig om 'n werknemer se dienste tydelik te ontslaan—

- (i) as gevolg van gure weer;
- (ii) as gevolg van 'n tekort aan materiale weens omstandighede buite die beheer van die werkgewer; en
- (iii) as gevolg van 'n tydelike tekort aan werk: Met dien verstande dat een dag se kennisgewing hiervoor gegee is, en dat sodanige kennisgewing die rede vir die tydelike ontslag gee, asook die tydperk van die ontslag, waar moontlik: Met dien verstande voorts dat die werkgewer nie verplig is om 'n werknemer enige betaling te gee gedurende sodanige ontslag nie.

(b) 'n Werknemer mag tydelik ontslaan word vir 'n aaneenlopende tydperk van nie meer as 20 werksdae nie: Met dien verstande dat aan die einde van sodanige tydperk, die werknemer die keuse gegee word om afgelê te word ooreenkomstig die prosedure bepaal in subklousule (10), of vir 'n verdere aaneenlopende tydperk van 20 dae ontslaan te word, by verstryking waarvan hierdie keuse herhaal mag word.

(c) Geen werkgewer mag as 'n dissiplinêre maatreef 'n werknemer uit die werk eensydig vir enige tydperk uit die werk skors nie.

(10) **Personeelaflegging:** (a) 'n Werkgewer wat beoog om personeel af te lê, moet nie later nie as tien werksdae voor die beoogde datum van kennis om die werknemer se dienste te beëindig, aan die betrokke vakbond waarvan, volgens sy kennis, die moontlike afleggingskandidate lede is, die volgende inligting skriftelik gee:

- (i) Die aantal werknemers wat afgelê mag word, tesame met hulle name, dienstydperk, vakansiefondsnummer van die Bedingsraad en werkskategorie;
- (ii) die beoogde datum van aflegging;
- (iii) die redes vir die beoogde aflegging, insluitende alle opsies wat die werkgewer oorweeg het om die afleggings te vermy asook die redes waarom hulle nie aanvaar is nie;
- (iv) die beoogde siftingskriteria ten opsigte van die persone wat afgelê moet word;
- (v) die beoogde datum van oorlegpleging met die vakbond(e) en/of werknemer(s) wat moontlik geraak sal word;
- (vi) die beoogde afleggingsbetaling; en
- (vii) die werkgewer se voorstelle ten opsigte van bystand aan die afgelegdes, wat die moontlikheid van herindiensneming insluit.

(b) In die geval waar 'n werknemer wat moontlik geraak sal word deur die beoogde afleggings, nie 'n vakbondlid is nie, moet die inligting bedoel in paragraaf (a), regstreeks aan sodanige werknemer verskaf word.

(c) Die vakbond(e) en/of werknemer(s) moet skriftelik reageer op die werkgewer se afleggingsvoorstelle, nie later nie as drie werksdae voor die voorgestelde datum van oorlegspeling, wat al sy/hulle voorstelle ten opsigte van die aflegging moet insluit.

(d) Die werkgewer moet poog om deur middel van oorlegpleging konsensus met die vakbond(e) en/of werknemer(s) te bereik ten opsigte van die afleggingsvoorstelle. Met dien verstande dat indien konsensus nie bereik kan word nie voor die verstryking van die tiendaetydperk bedoel in paragraaf (a) die werkgewer daarop geregtig is om die werkgewer se afleggingsvoorstelle in werking te stel.

(e) Die werkgewer is daarop geregtig om die werkgewer se afleggingsvoorstelle te enigertyd in werking te laat tree op enige stadium as die vakbond(e) en/of werknemer(s) nie skriftelik reageer of weier en/of in gebrek bly om met die werkgewer oorleg te pleeg ooreenkomstig hierdie subklousule nie.

(f) 'n Werknemer wat afgelê is ingevolge hierdie subklousule, is geregtig op 'n afleggingsbetaling van een week van sodanige werknemer se huidige basiese loon vir elke voltooide jaar van aaneenlopende diens by sy werkgewer.

## 9. BESOLDIGING

(1) **Basiese loon:** (a) Die basiese loon in die Nywerheid is soos volg:

Kategorie van werknemer	Minimum loon per uur
	Sent
(i) Algemene werker .....	692
(ii) Skoonmaker .....	484
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4, en bouwerker, Klas 4 .....	761
(iv) Kwekelingbouwerker, Klas 3, en bouwerker, Klas 3 .....	838
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 2, en bouwerker, Klas 2 .....	1 144
(vi) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjineriebediener A .....	947
(vii) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjineriebediener B .....	815
(viii) Drywer, Kode 8/kragaangedrewe-masjineriebediener C/hyser/stortwa .....	713
(ix) Ambagsman .....	1 525
(x) Voorheen aangewese vakman .....	1 715
(xi) Wag .....	R321,68 per week

(b) Vakleerlinge moet betaal word ooreenkomstig die formule van tyd tot tyd voorgeskryf ingevolge die Wet op Mannekragopleiding, 1981, maar mag te gener tyd 'n basiese loon en voordele minder as dié van 'n kwekelingbouwerker, Klas 4, ontvang nie.

(c) Niks in hierdie klousule verhinder 'n werkgewer om meer as die voorgeskrewe basiese loon te betaal nie. Met dien verstande dat geen party by hierdie Ooreenkoms of enige werknemer daarop geregtig is om nywerheids-optrede te gebruik om 'n werkgewer te dwing om meer as die basiese voorgeskrewe loon in hierdie Ooreenkoms, te betaal nie.

(2) **Oortyd:** 'n Werknemer is soos volg geregtig op die betaling ten opsigte van oortyd gewerk ooreenkomstig klousule 8 (4) (a):

Dae gewerk	Veelvoud van basiese loon
(i) Maandae tot en met Saterdag .....	1 $\frac{1}{3}$
(ii) Sondag .....	2

(3) **Openbare vakansiedae:** (a) 'n Werknemer van wie dit nie verwag word om op 'n openbare vakansiedag, wat gewoonweg 'n werksdag is, te werk nie, moet sy gewone daaglikse basiese loon ontvang ten opsigte van daardie openbare vakansiedag.

(b) 'n Werknemer van wie dit verwag word om op 'n openbare vakansiedag te werk, wat gewoonweg 'n werksdag is, moet bo en behalwe die betaling ingevolge paragraaf (a), ook betaal word teen 'n skaal gelyk aan sy gewone basiese loon ten opsigte van alle ure gewerk op daardie dag.

(c) 'n Werknemer van wie dit verwag word om op 'n openbare vakansiedag te werk, wat op 'n Saterdag of 'n Sondag val, moet betaal word volgens die gewone oortydbetaling, en is nie geregtig op enige bykomende betaling ten opsigte van sodanige openbare vakansiedag nie.



(4) **Skofwerk:** 'n Werknemer wat 'n ander skof werk as die gewone werkure, moet sy gewone basiese loon ingevolge Klousule 9.1. ontvang plus 15%. Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subklousule nie op 'n wag van toepassing is nie.

(5) **Gevaarlike werk:** Bo en behalwe die lone voorgeskryf in subklousule (1), moet 'n werkgewer aan sy werknemer 10% van sodanige loon betaal ten opsigte van elke uur of gedeelte daarvan, waartydens hy betrokke is in die uitvoer van gevaarlike werk. Vir die doeleindes van hierdie klousule beteken "gevaarlike werk" enige werk wat as gevaarlike werk beskryf word in 'n wet, provinsiale ordonnansie, munisipale verordening of regulasie, wat op die Boubedryf van toepassing is.

(6) **Toelaes:** (a) Die basiese loon betaalbaar ingevolge subklousule (1) word geag toelaes ten opsigte van gure weer, looptyd en vervoerkostes in te sluit.

(b) 'n Werknemer van wie dit verwag word om weg van sy gewone woonplek te werk, moet daaglik 'n afwesigheidstoelae ontvang van R30 per dag ten opsigte van elke nag wat hy weg is van sy gewone woonplek.

(c) 'n Werknemer van wie dit verwag word om weg van sy gewone woonplek te werk, moet voorsien word van toepaslike slaapakkommodasie.

## 10. LOONBETALINGSPROSEDURE

(1) **Betaling van lone:** (a) 'n Werknemer moet sy loon ontvang op 'n tyd en plek soos bepaal deur sy werkgewer. Met dien verstande dat die betaling gemaak word—

(i) in weeklikse, tweeweklikse of maandelikse tussenposes;

(ii) in kontant, per tjek of deur middel van 'n elektroniese bankoorplasing, soos ooreengekom tussen die werkgewer en die werknemer; en

(iii) nie later nie as sluitingstyd op die laaste werksdag van elke betaaltidperk nie.

(b) Met die uitsondering van die betaling deur middel van elektroniese bankoorplasing, moet die werknemer se loon aan hom betaal word op die terrein waar hy in diens is, of by die kantoor of werkswinkel van die werkgewer.

(c) 'n Werknemer wie se dienste beëindig is, moet die toepaslike loon ontvang op of vóór die dag van sy diens beëindiging.

(d) Elke werkgewer moet aan elkeen van sy werknemers 'n betaalstrokie voorsien wat die werkgewer se naam, die naam en werkskategorie van die werknemer, en die tydperk ten opsigte waarvan betaling gemaak word, aandui. Die betaalstrokie moet toon hoe die werknemer se bruto besoldiging, aftrekkings, oortydbetalings, toelaes en netto loon bereken is.

(e) Alle betalings wat in kontant gemaak word, moet in 'n verseëelde koevert wees.

(f) 'n Werkgewer moet ten tyde van die betaling van die werknemer se besoldiging die voorgeskrewe voordeleseeël waarop sodanige werknemer geregtig is, aan hom verskaf, of die nodige bank elektroniese oorplasing aan die Raad via die outoseëlstelsel doen, wat ook al die geval mag wees.

(2) **Aftrekkings van lone:** Werkgewers is daarop geregtig om aftrekkings van 'n werknemer se lone te maak—

(a) ten opsigte van enige aftrekkings voorgeskryf in die volgende subklousules:

(i) 14 (4) kragtens die Pensioenskema;

(ii) 17 (1) kragtens die Raadsheffing;

(iii) 18 (3) kragtens vakbondledgeld;

(iv) 21 (3) kragtens Siekefonds vir die Westelike Provinsie Bou- en Aanverwante Ambagte; en

(v) 24 (3) kragtens die Mediese Hulpfonds;

(b) indien hy wetlik daartoe geregtig of verplig is; en

(c) ten opsigte van enige ander saak, met die werknemer se skriftelike toestemming.

## 11. BERGING EN VOORSIENING VAN GEREEDSKAP

(1) Daar word van elke ambagsman, kwekelingbouwerker, bouwerker of vakleerling verwag om te alle tye in besit te wees van sodanige gereedskap as wat nodig mag wees om uitvoering te gee aan die aangewese kategorie van werk ten opsigte waarvan hy geregistreer is, en daar sal verder van hom verwag word om sodanige gereedskap te alle tye in goeie werkende toestand te hou.

(2) Daar sal van elke werknemer verwag word om sy eie gereedskapkas wat behoorlik gesluit kan word, vir die berging van sy gereedskap, wanneer dit nie in gebruik is nie, te verskaf.



(3) 'n Werknemer moet 'n geskikte plek vir die berging van die werknemer se gereedskapkas op elke terrein voorsien en moet verseker dat sodanige bergingsplek te alle tye gesluit is. Hierdie bepaling is nie op los werk of stukwerk van toepassing nie.

## 12. VOORDELESEËLS

(1) Elke werknemer wat ten minste 33 uur in enige week vir 'n werkgever werk, is daarop geregtig om 'n voordeleseeël te ontvang ingevolge hierdie Ooreenkoms, en word vir die doeleindes van hierdie Ooreenkoms geag 'n "geskikte werknemer" te wees. 'n Werknemer wat meer as 20 uur in 'n week vir 'n werkgever werk, maar wat verhoed word om 33 uur in daardie week te werk as gevolg van omstandighede buite sy beheer of om vir enige ander goeie rede wat vir die werkgever aanvaarbaar is, word geag 'n "geskikte werknemer" ten opsigte van daardie week te wees.

(2) 'n Werkgever moet seëls aankoop op 'n wyse deur die Raad vir die doel bepaal, om bydraes soos bepaal in die Ooreenkoms ten opsigte van "geskikte werknemers" te doen en is daarop geregtig om 'n terugbetaling van die Raad te ontvang ten opsigte van ongebruikte seëls, deur daarvoor aansoek by die Raad te doen, nie later nie as 30 Junie van die jaar wat volg op die jaar waarin die seëls aangekoop is.

(3) Elke werknemer aan wie seëls uitgereik is, moet sodanige seëls bewaar in 'n bydraeboek, deur die Raad vir hierdie doeleindes uitgereik, en wat op aansoek by die Raad verkrygbaar is. Geen betaling word deur die Raad gemaak ten opsigte van seëls wat nie in die amptelike bydraeboek aangebring is nie, wat dan ook verder die eiendom van die Raad bly.

(4) 'n Werkgever mag kies om gebruik te maak van die Raad se outoseëlstelsel vir die doel om voordeleseeëls aan te koop ingevolge hierdie Ooreenkoms, in welke geval die Raad elke geskikte werknemer se seëlrekord moet hou, en die seëls so aangekoop deur die werkgever, moet aangedui word op die werknemer se betaalstrokie. In die geval waar die werkgever gebruik maak van die outoseëlstelsel, is die verbod op betaling, soos vervat in subklousule (3), nie van toepassing nie.

(5) Die Raad kan volgens sy oordeel afsonderlike seëls en bydraeboeke uitreik ten opsigte van elkeen van die fondse waarvoor daar voorsiening gemaak is in hierdie Ooreenkoms, en kan sulke reëls en/of bydraeboeke kombineer.

## 13. VAKANSIEFONDS

(1) Die Vakansiefonds word hierby voortgesit en gaan voort om deur die Raad geadmineistreer te word met die doel om geskikte werknemers te voorsien van verlofbetaling vir die tydperk van die jaarlikse verloftydperk ingevolge klousule 8 (6). Gelde deur die werkgevers bygedra tot die fonds, moet belê word soos bepaal ingevolge artikel 53 (5) van die Wet.

(2) 'n Werkgever moet bydra tot die vakansiefonds namens 'n geskikte werknemer ten opsigte van elke week wat daardie werknemer in sy diens is (" 'n bydraeweek"), welke bedrag soos volg bereken word:

Kategorie van werknemer	Bedrag per week Rand
(i) Algemene werker.....	21,62
(ii) Skoonmaker .....	15,11
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4 .....	22,36
(iv) Bouwerker, Klas 4 .....	22,36
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 3 .....	24,63
(vi) Bouwerker, Klas 3 .....	24,63
(vii) Kwekelingbouwerker, Klas 2 .....	33,62
(viii) Bouwerker, Klas 2 .....	33,62
(ix) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjienbediener A .....	32,00
(x) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjienbediener B .....	27,54
(xi) Drywer, Kode 8, kragaangedrewe-masjienbediener C.....	24,10
(xii) Ambagsman .....	47,62
(xiii) Voorheen aangewese vakman .....	53,20
(xiv) Wag .....	23,63

(3) Elke werkgewer moet die bydrae aan die Raad betaal op die werknemer se gewone betaaldag, en moet op daardie dag die voorgeskrewe seëls kanselleer en aan die werknemer uitreik ter waarde van bydrae gemaak. 'n Werkgewer wat van die outoseëlstelsel gebruik maak, moet die bydrae aan die Raad betaal binne 'n tydperk vir daardie doel bepaal.

(4) Waar van toepassing, moet geskikte werknemers hulle bydraeboeke aan die Raad stuur, nie later nie as 31 Oktober van elke jaar, en 'n kwitansie daarvoor moet deur die Raad uitgereik word.

(5) Die Raad moet 'n datum bepaal wat voor die aanvang van die jaarlikse verloftydperk ingevolge klousule 8 (6) waarop geskikte werknemers betaling moet ontvang vir die bedrag wat tot hulle krediet in die Vakansiefonds staan: Met dien verstande dat geen betaling uit die Vakansiefonds gemaak mag word nie—

- (a) tensy die werknemer, waar van toepassing, die voorgeskrewe kwitansie deur die Raad uitgereik, voorlê;
- (b) ten opsigte van seëls wat uitgegee, verander, beskadig of vernietig is, tensy die Raad volgens sy oordeel anders sou besluit;
- (c) ten opsigte van seëls by die Raad ingehandig ten opsigte van enige persoon anders as die werknemer ten opsigte van wie die seëls uitgereik is;
- (d) ten opsigte van seëls deur die werkgewer uitgereik na 31 Oktober elke jaar, welke seëls geag word ten opsigte van die volgende jaar uitgereik te wees;
- (e) ten opsigte van seëls vir meer as 51 weke in een enkele jaar wat op 31 Oktober daardie jaar eindig;
- (f) indien 'n werknemer versuim om die waarde van sy seëls binne ses maande van die aanvang van die jaarlikse verloftydperk te eis, tensy die Raad in sy oordeel andersins besluit, in welke geval die waarde van die seëls die algemene fonds van die Raad sal toeval;
- (g) ten opsigte van aftrekkings gemaak ten opsigte van 'n werknemer se Vakansiefonds waarop hy geregtig is ingevolge klousule 8 (8) (c);
- (h) behoudens subklousule (6), voor die datum soos bepaal deur die Raad ingevolge hierdie klousule.

(6) In die geval van 'n "geskikte werknemer" se dood, moet alle gelde tot sy krediet in die Vakansiefonds, aan sy behoorlik benoemde bevooroordeelde betaal word, indien enige. Indien daar geen benoemde bevooroordeelde die werknemer oorleef nie, of indien die oorlewende bevooroordeelde in gebreke bly om die betaling binne 12 maande vanaf die datum van die werknemer se dood te eis, word die bedrag tot sy krediet aan sy boedel betaal.

(7) Behoudens subklousule (6) hierbo, is die bedrag tot die werknemer se krediet in die Vakansiefonds nie oordraagbaar nie, en enige werknemer wat poog om sy seëlboek af te staan, oor te dra, sedeer, verpand, verhipotekeer en/of uitleen, verbeur onmiddellik alle reg op die waarde van sodanige seëls wat dan tot die algemene fonds van die Raad toeval.

(8) Ondanks die verstryking of kansellering van hierdie Ooreenkoms, gaan die Raad voort om die Vakansiefonds te bestuur, totdat dit gelikwider of oorgeplaas is na enige ander fonds wat vir die doel vir die voorsiening vir jaarlikse verlofbetaling aan werknemers, geskep is.

(9) In die geval waar die Raad ontbind of ophou om te funksioneer, moet die Vakansiefonds voortgaan om bestuur te word deur 'n komitee, vir daardie doel deur die partye aangestel voor die ontbinding of sluiting van die Raad, welke komitee bestaan uit 'n gelyke aantal werkgewer- en werknemerverteenwoordigers. In die geval waar sodanige komitee nie in staat is om sy pligte om enige rede na te kom nie, moet die partye 'n trustee of trustees aanstel om die pligte van die komitee te vervul, en vir hierdie doel het sodanige trustees dieselfde magte as die komitee.

(10) In die geval waar daar geen Raad bestaan ten tyde van die verstryking van hierdie Ooreenkoms nie, moet die Vakansiefonds gelikwider word deur die komitee of trustee soos aangestel ingevolge subklousule (9).

(11) In die geval van die likwidasië van die Vakansiefonds ingevolge subklousule (8) of subklousule (9) hierbo, moet die oorblywende gedeelte van die gelde, na die betaling van alle eise teen die Vakansiefonds, met inbegrip van die administrasie- en die likwidasië-uitgawes, oorbetaal word in die algemene fonds van die Raad. In die geval waar die Raad gesluit is voor die likwidasië van die Vakansiefonds, moet die oorblywende gelde eweredig verdeel word tussen die partye by die Raad, soos hulle bestaan het onmiddellik voor die ontbinding.

#### 14. PENSIOENFONDS

(1) Die Pensioenfonds vir die Bounywerheid (W.P.) (die "Pensioenfonds"), word hierby voortgesit en sal steeds bestuur word deur die Raad ooreenkomstig die Wet met die doel om pensioene te voorsien vir werknemers ten opsigte van wie bydraes gemaak is ingevolge hierdie klousule, en sal ook verder daarop geregtig wees om enige ander soortgelyke fonds te stig soos beoog in die Wet op Pensioenfondse, 1956, wat hy vir hierdie doel goed dink.

(2) Vir die doel van die bereiking van die doelstellings van hierdie Klousule, is die Raad daarop geregtig om ooreenkomste te sluit soos wat hulle dit goeddink en is verder daarop geregtig om reëls ten opsigte van die uitvoering en administrasie daargestel ingevolge hierdie klousule, op te stel, wat van tyd tot tyd gewysig kan word.

(3) 'n Werkgewer moet die volgende bydra tot die Pensioenfonds ten opsigte van elke geskikte werknemer ten opsigte van elke bydraeweek:

Kategorie van werknemer	Bedrag per week Rand
(i) Algemene werker.....	45,52
(ii) Skoonmaker .....	32,82
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4 .....	46,92
(iv) Bouwerker, Klas 4 .....	46,92
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 3 .....	51,90
(vi) Bouwerker, Klas 3 .....	51,90
(vii) Kwekelingbouwerker, Klas 2 .....	71,35
(viii) Bouwerker, Klas 2 .....	71,35
(ix) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjienbediener A .....	67,46
(x) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjienbediener B .....	57,92
(xi) Drywer, Kode 8/kragaangedrewe-masjienbediener C .....	50,26
(xii) Ambagsman .....	91,89
(xiii) Voorheen aangewese vakman .....	103,20
(xiv) Wagte .....	50,26

(4) Elke werkgewer moet verder 'n bydrae van die betaling van elke geskikte werknemer ten opsigte van elke bydraeweek aftrek, wat soos volg bereken moet word:

Kategorie van werknemer	Bedrag per week Rand
(i) Algemene werker.....	Nul
(ii) Skoonmaker .....	Nul
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4 .....	Nul
(iv) Bouwerker, Klas 4 .....	Nul
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 3 .....	Nul
(vi) Bouwerker, Klas 3 .....	Nul
(vii) Kwekelingbouwerker, Klas 2 .....	Nul
(viii) Bouwerker, Klas 2 .....	Nul
(ix) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjienbediener A .....	Nul
(x) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjienbediener B .....	Nul
(xi) Drywer, Kode 8/kragaangedrewe-masjienbediener C .....	Nul
(xii) Ambagsman .....	2,00
(xiii) Voorheen aangewese vakman .....	2,00
(xiv) Wagte .....	Nul



(5) Die bydraes ingevolge subklousule (4) van 'n werknemer se betaling afgetrek, word jaarliks verhoog oor 'n tydperk van vyf jaar, met die bedrag soos aangedui in die tabel hieronder, om sodoende pariteit te bereik met die bydraes gemaak deur die werkgewer ingevolge subklousule (3), en die werkgewer se bydrae is nie onderworpe aan enige verhoging nie totdat sodanige pariteit bereik is:

Kategorie van werknemer	Bedrag per week
(i) Algemene werker.....	Nul
(ii) Skoonmaker .....	Nul
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4 .....	Nul
(iv) Bouwerker, Klas 4 .....	Nul
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 3 .....	Nul
(vi) Bouwerker, Klas 3 .....	Nul
(vii) Kwekelingbouwerker, Klas 2 .....	Nul
(viii) Bouwerker, Klas 2 .....	Nul
(ix) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjienbediener A .....	Nul
(x) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjienbediener B .....	Nul
(xi) Drywer, Kode 8/kragaangedrewe-masjienbediener C .....	Nul
(xii) Ambagsman .....	Nul
(xiii) Voormalige aangewese vakman .....	Nul
(xiv) Wagte .....	Nul

(6) Elke werkgewer moet die bydraes hierbo genoem aan die Raad betaal op die werknemer se gewone betaaldag en moet op daardie dag die voorgeskrewe seël aan die werknemer uitreik nadat hy dit gekanselleer het, waarop hy ook die bedrag van die bydrae sal aandui. 'n Werkgewer wat gebruik maak van die outoseëlstelsel, moet die bydraes binne die tydperk vir hierdie doel bepaal, aan die Raad betaal.

(7) Behoudens 'n geskikte werknemer se regte om 'n bevooroordeelde te benoem om enige bedrae wat aan hom betaalbaar mag word ingevolge die Pensioenfonds, te ontvang, in die geval van sy dood voor aftrede, is enige pensioenvoordele wat oploop tot 'n werknemer ingevolge hierdie Ooreenkoms, nie oordraagbaar nie, en mag nie gesedeer of verpand word nie.

(8) In die geval waar die Raad sou ontbind, sluit, of sy werksaamhede sou staak tydens die verloop van hierdie Ooreenkoms, moet die partye 'n trustee of trustees voor sodanige ontbinding, sluiting of staking van werksaamhede van die Raad aanstel om die funksies, soos uiteengesit in hierdie klousule, te vervul, en sodanige trustees beskik dan vir hierdie doel ook oor die magte wat die Raad gehad het.

## 15. SIEKEFONDS

(1) Die Siekefonds vir die Bounywerheid ("Die Fonds") word hierby voorgesit en gaan voort om deur die Raad bestuur te word vir die doeleindes om werknemers te vergoed gedurende tydperke van afwesigheid van die werk as gevolg van ongeskiktheid, en die betaling van vergoeding aan werknemers in die geval van algehele ongeskiktheid ooreenkomstig die Reëls van die Fonds.

(2) Die Fonds word deur die Raad bestuur ooreenkomstig die reëls ("Die Reëls") wat hy van tyd tot tyd vir hierdie doel voorskryf, en alle gelde van die Fonds moet bestuur, belê en uitbetaal word ingevolge die Reëls. Afskrifte van die Reëls moet vir inspeksie by die Raad se kantore beskikbaar wees.

(3) Elke werkgewer sal 'n bedrag tot die Fonds bydra ten opsigte van elke week wat 'n geskikte werknemer in sy diens is, welke bedrag soos volg bereken word:

Kategorie van werknemer	Bedrag per week Rand
(i) Algemene werker.....	3,03
(ii) Skoonmaker .....	3,03
(iii) Kwekelingbouwerker, Klas 4 .....	3,30
(iv) Bouwerker, Klas 4 .....	3,30
(v) Kwekelingbouwerker, Klas 3 .....	3,41



Kategorie van werknemer	Bedrag per week Rand
(vi) Bouwerker, Klas 3 .....	3,41
(vii) Kwekelingbouwerker, Klas 2 .....	3,63
(viii) Bouwerker, Klas 2 .....	3,63
(ix) Drywer, Kode 10/kragaangedrewe-masjienbediener A .....	3,80
(x) Drywer, Kode 9/kragaangedrewe-masjienbediener B .....	3,41
(xi) Drywer, Kode 8/kragaangedrewe-masjienbediener C .....	3,14
(xii) Ambagsman .....	9,85
(xiii) Voorheen aangewese vakman .....	10,45
(xiv) Wag .....	3,14

(4) 'n Werknemer moet betaling ontvang volgens die bedrae in die tabel hieronder uiteengesit ten opsigte van elke werksdag wat hy as gevolg van siekte of besering afwesig is gedurende 'n siklus van 365 kalenderdae:

Werksdae afwesig	Klas van werknemer	% van minimum basiese loon voorgeskryf in klousule 9 (1)
Eerste tot 10de .....	Alle werknemers .....	60%
11de tot 130ste .....	Algemene werkers .....	50%
	Skoonmakers .....	
	Drywers/kragaangedrewe-masjienbedieners .....	
	Wagte .....	
11de tot 25ste .....	Kwekelingbouwerkers .....	50%
	Bouwerkers .....	
	Ambagsmanne .....	
	Voorheen aangewese vakmanne .....	
26ste tot 130ste .....	Kwekelingbouwerkers .....	33%
	Bouwerkers .....	
	Ambagsmanne .....	
	Voorheen aangewese vakmanne .....	

(5) Behoudens die Reëls van die Fonds, is 'n werknemer nie geregtig op siektebetaling nie—

- totdat 26 aaneenlopende weeklikse bydraes gemaak is tot die Fonds ten opsigte van sodanige werknemer: Met dien verstande dat bydraes wat onderbreek is deur 'n tydperk van werkloosheid of verwisseling van werkgewer, geag word aaneenlopend te wees;
- vir meer as 130 dae in enige tydperk van 365 dae, bereken vanaf die eerste dag ten opsigte waarvan die werknemer geregtig is op siektebetaling;
- indien hy van die werk afwesig is as gevolg van 'n ongeluk waarvoor hy vergoed sal word ingevolge die Wet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en -siektes, 1993;
- as sy afwesigheid van werk verband hou met die misbruik van alkohol of onwettige verdowingsmiddels, of as hy ongeskik is as gevolg van siekte weens sy eie nalatigheid of wangedrag;
- as hy in gebreke bly om die opdragte van 'n mediese praktisyn na te kom, of indien hy volgens die mening van daardie praktisyn sy toestand vererger of vertraag het of sy herstel vertraag het as gevolg van sy eie toedoen;
- as hy ly aan 'n besering ten opsigte waarvan 'n derdeparty aanspreeklik is vir vergoeding of wel vir hom daarvoor vergoed;
- terwyl hy behandeling ondergaan soos voorgeskryf deur enige ander persoon as 'n geregistreerde mediese praktisyn;
- indien hy in gebreke bly om die Raad te voorsien van enige relevante inligting wat hy mag aanvra;

- (i) indien die Raad bevind dat hy geskik is om sy werk te hervat of dat hy permanent ongeskik is, in welke geval hy sal ophou om geregtig te wees op siektebetaling vanaf 'n datum deur die Fonds vir hierdie doel bepaal; en
- (j) op enige tydstop wanneer die bedrag in die krediet van die Fonds onder R100 000,00 val, of tot op sodanige tydstop daarna wanneer die bedrag tot die krediet van die Fonds weer R500 000,00 oorskry;
- (6) Die Fonds is daarop geregtig om enige bedrag van 'n werknemer te verhaal—
  - (a) as gevolg van vals inligting aan die Fonds verskaf deur of ten behoeve van sodanige werknemer; en
  - (b) indien die werknemer versuim om die Fonds betyds te verwittig van enige verandering in sy omstandighede wat daartoe kon lei dat die bedrag van die voordele heroorweeg of gestaak sou word, in welke geval die Fonds enige gelde wat aan 'n werknemer te veel betaal is, kan terugeis.
- (7) In die geval waar 'n werknemer verlof neem as gevolg van swangerskap, moet die Siekefonds aan so 'n werknemer 33% van haar huidige lone betaal vir 'n maksimum tydperk van 90 dae.
- (8) Die Fonds moet aanhou om die bydraes tot die Vakansiefonds en Pensioenfonds te betaal, asook die bydraes voorgeskryf in die Ooreenkoms vir die Mediese Hulpfonds van die Boubedryf, ten behoeve van die werknemer tydens die tydperk waarvoor hy siektebesoldiging ontvang ingevolge hierdie klousule.
- (9) In die geval van die verstryking van hierdie Ooreenkoms, die ontbinding of sluiting van die Raad of 'n staking van sy werksaamhede, is die bepalings van klousule 13 (8), (9) en (10) betreffende die Vakansiefonds ook van toepassing op hierdie Fonds.

#### 16. OUDITERING EN BOEKHOUDING

Die Raad moet verseker dat behoorlike rekeninge en rekords gehou word ten opsigte van elkeen van die Fondse wat deur hom geadministreer word en dat 'n jaarlikse audit van elkeen van die Fondse gedoen word ooreenkomstig die bepalings van die Wet en die Raad se Konstitusie.

#### 17. UITGAWES VAN DIE RAAD

- (1) Elke werkgewer moet 'n bedrag van R0,05 per week van die lone van elke geskikte werknemer aftrek en 'n gelyke bedrag byvoeg by sodanige bedrag afgetrek.
- (2) Elke werkgewer moet sodanige bydraes afgetrek ingevolge subklousule (1) aan die Raad betaal op die werknemer se gewone betaaldag, en moet op daardie dag die voorgeskrewe seël, behoorlik gekanselleer aan die werknemer uitreik, ten bedrae van die bydrae aan die Raad betaal. 'n Werkgewer wat gebruik maak van die outoseëlstelsel moet die bydrae aan die Raad betaal binne die tydperk deur die Raad vir daardie doel bepaal.
- (3) Die bydraes aan die Raad betaal ingevolge hierdie klousule, moet gebruik word vir die doel om die algemene uitgawes van die Raad te betaal en moet geadministreer word ooreenkomstig die bepalings van die Raad se Konstitusie.

#### 18. VAKBONDLEDEGELD

Vakbonde kan kies om een van die volgende meganismes te gebruik. In elke geval kan aftrekkings vir vakbondledegeld alleenlik skriftelik gemagtig word deur die betrokke werknemer.

- (a) (i) Elke vakbond is daarop geregtig om elke werkgewer in die Nywerheid regstreeks te nader vir die doel om stoporderfasiliteite daar te stel vir die aftrekking van vakbondledegelde.
- (ii) Elke werkgewer wat sulke fasiliteite toestaan, is geregtig om 'n administrasiefooi gelyk aan 2,5% te verhaal van die bydraes aldus geïen.

OF

- (b) (i) Elke werkgewer moet 'n bedrag gelyk aan 1% van die weeklikse loon van 'n werknemer wat 'n lid van 'n geregistreerde vakbond is, en vir wie lone voorgeskryf word in klousule 9 van hierdie Ooreenkoms, aftrek.
- (ii) 'n Werkgewer moet ten opsigte van bedrae deur hom afgetrek ingevolge paragraaf (b) (i) op elke betaaldag aan elkeen van die werknemers 'n seël uitreik, wat van die Raad verkry is, welke seël leesbaar deur hom gekanselleer moet wees met sy naam daarop aangebring asook die datum van uitreiking.
- (iii) Elke maand moet die Raad aan die betrokke vakbond oorbetalen alle gelde sodanig geïen ten opsigte van seëls aangekoop deur werkgewers ingevolge paragraaf (b) (ii) min 'n administrasiefooi van 2,5% op bruto verkope, welke bedrag in die algemene fonds van die Raad gestort sal word.

**19. SPESIALE LIDMAATSKAPHEFFING: WERKGEWERS**

- (1) Elke lid van 'n werkgewersorganisasie moet 'n lidmaatskapheffing aan daardie werkgewersorganisasie betaal ten opsigte van elke werknemer in sy diens wat 'n voordeleleë ontvang ingevolge hierdie Ooreenkoms.
- (2) 'n Werkgewersorganisasie is daarop geregtig om die fasiliteite van die Raad te gebruik vir die invordering van sodanige heffings, in welke geval die Raad geregtig is op 'n administrasiefooi van 2,5% op die ledegeld aldus ingevorder.

**20. OPLEIDINGSFONDS VIR DIE BOUNYWERHEID**

- (1) Elke werkgewer moet aan die Raad 'n bydrae soos van tyd tot tyd deur die Opleidingsfonds vir die Bounywerheid bepaal, betaal.
- (2) Die Raad is geregtig op 'n administrasiefooi van 2,5% vir die bedrae ontvang ingevolge hierdie klousule, en moet die oorblywende bedrag betaal aan die Bou-Industrieë Federasie van Suid-Afrika.

**21. SIEKEFONDS VIR DIE WESTELIKE PROVINSIE BOU- EN VERWANTE AMBAGTE**

Vakbonde kan kies om een van die volgende meganismes te gebruik. In elke geval kan aftrekkings vir die Siekefonds bydraes alleenlik geskied met die skriftelike toestemming van die betrokke werknemer:

- (a) (i) Elke vakbond is daarop geregtig om elke werkgewer in die Nywerheid regstreeks te nader met die doel om stoporderfasiliteite daar te stel vir die aftrekking van vakbondsiekefondsbydraes ten opsigte van lede wat hulle toestemming daartoe gee.
- (ii) Elke werkgewer wat sulke fasiliteite toestaan, is daarop geregtig om 'n administrasiefooi van 2,5% van die bydraes aldus ingevorder, af te trek.

OF

- (b) (i) Elke werkgewer is daarop geregtig om 'n bedrag gelyk aan 0,4% van die weeklikse loon van 'n werknemer wat 'n lid van 'n geregistreerde vakbond is en vir wie lone voorgeskryf is in klousule 9 van hierdie Ooreenkoms, af te trek.
- (ii) Elke werkgewer moet ten opsigte van die bedrae deur hom afgetrek ingevolge paragraaf (b) (i), aan elkeen van sy werknemers 'n seël uitreik wat van die Raad verkry is, welke seël leesbaar gekanselleer is deur sy naam en datum van uitreiking daarop aan te bring.
- (iii) Die Raad moet elke maand aan die Siekefonds vir die Westelike Provinsie Bou- en Verwante Ambagte oorbetaal, alle gelde ingevorder ten opsigte van seëls deur werkgewers gekoop ingevolge paragraaf b (ii) min 'n administrasiefooi van 2,5% op bruto verkope, welke bedrag in die Raad se algemene fonds inbetaal moet word.

**22. ALGEMEEN**

- (1) **Vertoning van Ooreenkoms:** (a) Die partye is dit eens dat die Engelse weergawe die betekenis en bedoeling van die partye bepaal en dat die vertalings in Afrikaans en Xhosa deur die Raad beskikbaar gestel sal word vir inspeksie deur enige persoon gedurende werksure by die Raad se kantore.
- (b) Enige persoon kan 'n afskrif van hierdie Ooreenkoms bekom deur betaling van 'n bedrag van R5,00 aan die Raad.
- (c) Elke party by hierdie Ooreenkoms ontvang twee gratis afskrifte van die Ooreenkoms en Konstitusie.
- (2) **Belasting op toegevoegde waarde (BTW):** Alle monetêre bedrae genoem in hierdie Ooreenkoms is uitgesluit van belasting op toegevoegde waarde.
- (3) **Skuiling en ablusiefasiliteite:** (a) Op enige bouverseel waar boubedrywighede plaasvind, moet werkgewers geskikte akkommodasie voorsien—
- (i) om as skuiling te dien vir werknemers tydens gure weer; en/of
- (ii) as kleedkamer te dien: Met dien verstande dat hierdie subklousule nie van toepassing is op stukwerk nie en op persele waar minder as tien werknemers in diens is of waar omstandighede wat eie is aan die terrein of die aard van die werk wat uitgevoer word nie ruimte vir 'n kleedkamer laat nie.
- (b) Sodanige akkommodasie moet bestaan uit 'n skuur, kamer of soortgelyke plek wat gesluit kan word, en wat opgerig is met mure en 'n dak van beton, baksteenwerk, hout, yster of 'n samestelling daarvan of ander materiaal goedgekeur deur die Raad, en die geheel moet op so 'n wyse opgerig wees dat dit kan dien as plek waar werknemers hul klere kan verwissel, kan was en in kan skuil.



(c) Sodanige onderdak moet toesluitkaste vir klere of soortgelyke toesluitgeriewe insluit waar werknemers skoon klere en ander persoonlike besittings met veiligheid kan berg terwyl hulle werk.

(d) 'n Werkgewer moet behoorlike en toereikende sanitêre geriewe op elke werkplek verskaf wat te alle tye in 'n skoon, higiëniese en behoorlike toestand gehou moet word en wat voldoen aan die wetgewing van die plaaslike owerheid in wie se gebied die werkplek geleë is.

(4) **Vakbondtoegang:** Amptenare van vakbondpartye moet in die gewone uitvoering van hul pligte gedurende werksure toegang hê tot bouterreine en werkswinkels, maar moet nie toegelaat word om in te meng met die volgehoue werkverrigting van 'n werknemer nie of om 'n werknemer te nader sonder dat die toestemming van die werkgewer of sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, vooraf verkry is nie, en sodanige toestemming mag nie sonder redelike gronde geweier word nie.

### 23. VRYSTELLINGS

(1) Ingevolge artikel 32 van die Wet word hierby deur die Raad 'n onafhanklike liggaam ingestel om aansoeke om vrystelling van nie-partye, van enige van die voorwaardes van hierdie Ooreenkoms om 'n afdoende rede, te oorweeg.

(2) Alle aansoeke om vrystelling moet skriftelik (op die aansoekvorm voorsien deur die Raad) wees en moet gerig word aan die Sekretaris van die Raad vir oorweging deur die Onafhanklike Liggaam deur die Raad aangestel.

(3) Alle aansoeke om vrystelling moet behoorlik gemotiveer wees en sodanige motivering moet die volgende besonderhede omvat:

- (a) Die tydperk waarvoor vrystelling benodig word;
- (b) die Ooreenkoms en klousules of subklousules van die Ooreenkoms waarvan vrystelling gevra word;
- (c) bewys dat die vrystelling waarvoor aansoek gedoen word, wel bespreek is tussen die werknemer en hul werkgewers en hul onderskeie verteenwoordigers. Die reaksies voortspruitend uit sodanige oorlegplegings, hetsy ten gunste van of teen die aansoek, moet by die aansoek ingesluit word.

(4) Die Sekretaris van die Raad moet in die eerste instansie die aansoeke om vrystelling op die sakelys van die volgende Raadsvergadering, vir kommentaar plaas.

(5) Die Sekretaris moet aan die Onafhanklike Liggaam die besonderhede van die aansoeke om vrystelling verskaf.

(6) Die Onafhanklike Liggaam, moet alle skriftelike aansoeke oorweeg en 'n besluit daaroor neem en mag, wanneer daartoe deur die applikante of beswaarmakers versoek, onderhoude met applikante of enige beswaarmakers tydens sy volgende vergadering voer: Met dien verstande dat die Onafhanklike Liggaam 'n besluit mag uitstel tot 'n volgende vergadering indien bykomende stawing, inligting of mondelinge vertoë as noodsaaklik beskou word alvorens 'n besluit oor die aansoek om vrystelling geneem word.

(7) Sodra die Onafhanklike Liggaam besluit het om vrystelling te verleen, moet dit 'n sertifikaat uitreik en die applikante dienoooreenkomstig binne 14 dae na die datum van so 'n besluit verwittig.

(8) Wanneer die Onafhanklike Liggaam besluit om 'n aansoek om vrystelling te weier of gedeeltelik te weier, moet dit die applikant(e) binne 14 dae na die datum van so 'n besluit verwittig en moet die rede(s) verskaf waarom 'n vrystelling nie verleen word nie.

(9) **Vrystellingskriteria:** Die Onafhanklike Liggaam moet alle aansoeke om vrystelling oorweeg met verwysing na die volgende kriteria:

- (a) Die skriftelike en mondelinge stawing deur die applikant voorsien;
- (b) die mate van raadpleging met en die vertoë vir of teen die verlening van vrystelling soos verskaf deur werkgewers of werknemers wat deur die vrystelling geraak sal word, indien toegestaan;
- (c) die bepalings van die vrystelling;
- (d) die inbreuk maak op basiese voorwaardes van indiensnemingsregte;
- (e) die feit dat 'n mededingende voordeel nie geskep word deur die vrystelling nie;
- (f) dat vrystelling van enige werknemervoordele of opleidingsbepaling gesien moet word in verhouding tot die alternatiewe vergelykbare *bona fide*-voordeel of -bepaling, met inbegrip van die koste vir die werknemer, oordraagbaarheid, administrasiebestuur en -koste, groei en stabiliteit;
- (g) die mate waarin die voorgestelde vrystelling die gesamentlike bedinging en arbeidsvrede in die Bounywerheid ondermyn;
- (h) enige bestaande spesiale ekonomiese of ander omstandighede wat die verlening van die vrystelling regverdig;



- (i) die terugvoerbepalings wat deur die applikant nagekom moet word asook die monitering en her-evaluasiebepalings; en
- (j) die inagneming van die aanbevelings vervat in die Verslag van die Presidensiële Kommissie van Onderzoek na die Arbeidsmarkbeleid.

## 24. MEDIESE BYSTANDFONDS

(1) Die Mediese Bystandfonds vir die Bounywerheid ("die Fonds") word hierdeur voortgesit en gaan voort om deur die Raad geadministreer te word ingevolge artikel 2 (1) (a) van die Wet op Mediese Skemas, 1967, en ingevolge die bepalinge van die Wet met die doel om—

- (a) lede by te staan met betrekking tot die koste van mediese dienste deur hulle of hulle afhanklikes aangegaan, soos bepaal deur die reëls van die Fonds;
- (b) om sodanige maatreëls as wat die Raad dit nodig mag ag, in te stel vir die voorkoming van siekte en vir die verbetering en bevordering van gesondheid tussen lede en hulle afhanklikes;
- (c) om kontrakte aan te gaan met enige mediese praktisyn, hospitaal, verplegingsinrigting, hersteloord of enige ander soortgelyke inrigting, persoon of owerheid ten opsigte van mediese dienste; en
- (d) om die koste van sodanige reëlings en die mediese onkoste van lede en hulle afhanklikes te betaal ingevolge die Reëls van die Fonds.

(2) Die Fonds word bestuur deur die Raad ooreenkomstig die Reëls wat van tyd tot tyd daargestel sal word vir hierdie doel ("die Reëls") en alle gelde van die Fonds word bestuur, belê en uitbetaal ooreenkomstig die Reëls, waarvan afskrifte beskikbaar is vir inspeksie by die kantore van die Raad. Die Raad moet ouditeurs aanstel om die rekeningboeke van die Fonds jaarliks te ouditeer.

(3) 'n Werknemer wat ingevolge die Reëls geregtig is om 'n lid van die Fonds te word, moet die helfte van die totale bydraes bydra en die werkgewer moet die ander helfte van die bydrae bydra vir elke week wat die werknemer in diens is van sodanige werkgewer, welke bydrae die volgende is:

	Bedrag per week	
	Lid Werknemer	Werkgewer
	R	R
Ambagsman.....	22,22	22,22
Voorheen aangewese vakman.....	22,22	22,22

(4) Elke werkgewer moet die bydrae van die besoldiging van elke geskikte werknemer ten opsigte van elke bydraeweek aftrek en die werkgewer moet 'n gelyke bedrag daarby voeg.

(5) Elke werkgewer moet bogenoemde bydraes aan die Raad op die werknemer se gewone betaaldag oorbetal en moet op daardie dag die voorgeskrewe voordeleleë ter waarde van die bydrae kanselleer en aan die werknemer uitreik. 'n Werkgewer wat gebruik maak van die outoseëlstelsel moet die bydrae aan die Raad betaal binne die tydperk soos vir sodanige doel bepaal.

(6) In die geval waar die Ooreenkoms verstryk, die Raad ontbind of sy werksaamhede sou staak, is klousule 13 (8), (9) en (10) betreffende die Vakansiefonds, ook op hierdie Fonds van toepassing.

## 25. GESKILBESLEGTING

Enige geskil oor die vertolking of toepassing van hierdie Ooreenkoms moet na die Raad verwys, en moet soos volg besleg word:

- (a) Indien die geskil oor 'n persoon se reg gaan, moet dit skriftelik na die Raad verwys word, wat op sy beurt sal poog om die geskil deur bemiddeling te besleg, deur om gebruik te maak van 'n behoorlik gekwalifiseerde bemiddelaar. Binne sewe dae na die datum van sodanige verwysing, moet die Raad sy besluit aan die partye by die geskil deurgee of verklaar dat die geskil onbesleg bly.
- (b) Indien die Raad nie daarin slaag om die geskil te besleg nie, of as enige party gegrief voel deur die Raad se besluit soos bedoel in paragraaf (a) kan sodanige party binne sewe dae na die besluit, versoek dat die geskil vir arbitrasie verwys word.

- (c) Indien die geskil vir arbitrasie verwys word moet die Raad die aangeleentheid verwys na 'n geakkrediteerde agentskap deur hom aangestel ingevolge artikel 52 van die Wet, vir die doeleindes van sodanige arbitrasie. Die arbiter beskik oor bevoegdheid om die prosedure wat hy tydens die arbitrasieverhoor wil volg, te bepaal en is volgens sy oordeel daarop geregtig om ten opsigte van die arbitrasiekostes van die partye 'n kostebevel in die arbitrasietoekenning in te sluit slegs indien die omstandighede beskryf in artikel 138 (10) van die Wet, geld. Die arbiter se besluit is finaal en bindend.

Op hede die 3de dag van Februarie 1997 te Kaapstad onderteken.

**M. E. LOY**

vir die Masters Builders' and Allied Trades' Association, Cape Peninsula

**W. C. CLIFT**

vir die Master Masons' and Quarry Owners' Association (South Africa)

**T. MULONDO**

vir die Construction and Allied Workers' Union

**R. C. DAMON**

vir die Building Workers' Union

**N. MAART**

vir die South African Woodworkers' Union

**T. HAKIME**

vir die South African Operative Masons' Society

[wat die partye is by die BOUNYWERHEID BEDINGINGSRAAD (KAAP DIE GOEIE HOOP)], in die teenwoordigheid van

**J. J. KITSHOFF**

Sekretaris.

## CONTENTS

## INHOUD

No.	Page No.	Gazette No.	No.	Bladsy No.	Koerant No.
GOVERNMENT NOTICE			GOEWERMENSKENNISGEWING		
Labour, Department of			Arbeid, Departement van		
Government Notice			Goewermenskennisgewing		
R. 1019			R. 1019		
Labour Relations Act (66/1995): Building Industry Bargaining Council (Cape of Good Hope): Extension of collective agreement for the Cape Peninsula to non-parties .....			Wet op Arbeidsverhoudinge (66/1995): Bounywerheid Bedingingsraad (Kaap die Goeie Hoop): Uitbreiding van kollektiewe ooreenkoms vir die Kaapse Skiereiland na nie-partye .....		
	1	18175		20	18175